

HOËVELD S.A. BOERPERD KLUB, Mpumalanga

JAARVERSLAG: Augustus 2016



KLUB BESTUUR

Voorsitter : Manie Louwrens
Vise-voorsitter: Jannie Jacobzs
Sekretaresse : Nicolene Scholtz
Finansies : Martie Jacobsz
Addisionele lid: David de Wet

DATUM VAN VERGADERINGS

4 Maart 2016

September 2016

Hiermee doen ons graag verslag oor die gebeure in en rondom die Hoëveld SA Boerperd Klub, Mpumalanga vanaf Oktober 2015 – Augustus 2016.

LIEF EN LEED

Dit is met heimwee wat ons op 1 Junie 2016 moes afskeid neem van Shopani Masina van die Calela Stoet. Dit is vir ons as klub 'n groot terugslag. Hy was vir almal 'n voorbeeld van entoesiasme en deelname. Ermelo Skou gaan nooit weer dieselfde wees sonder hom nie.

HINGSKEURINGS

Ons provinsiale hingskeuring het die oggend van op 29 Maart 2016, net voor die skou, plaasgevind. Ons is regtig baie verras met die hoë kwaliteit van die hingste en is baie opgewonde oor nuwe teelmateriaal wat deurkom.

STREEKKAMPIOENSKAPPE 2015

Die Mpumalanga Streekkampioenskappe is gehou vanaf 29 Maart tot 2 April 2016. Daar was 108 perde op die skou. Baie dankie aan Theunis Pretorius en Sarita Meiring wat as beoordelaars opgetree het. Dankie ook aan Heleen Pope vir haar hulp met die skouprogram sowel as afkondiger en Judith McLeod wat as hekwag opgetree het.

Tydens die skou het die Jeugraad gereël vir 'n braai-, kuier- en speletjiesaand vir al die jongmense en kinders. Hulle het dit terdeë geniet en die byeenkoms was 'n groot sukses. Dankie aan Nicolene Scholtz en Franci Louwrens vir al hulle moeite in die verband.

Die skou was 'n groot sukses en het opnuut aan ou vriende die geleentheid gegee om gesellig saam te kuier. Ons het besef dat daar maar net een plek is om Mpumalanga se Kampioenskappe te hou en dit is Ermelo.

PLESIERRIT TE BADPLAAS

Die jaarlikse plesierrit by Badplaas is nou 'n instelling in ons klub. Oudergewoonte was dit 'n baie gesellige paar dae tussen ons Boerperdvriende, waarna ons weer uitsien aan die einde van 2016. Die plesierrit 2015 is bygewoon deur 41 mense waarvan 34 ruiters was.

Ons sien uit na 'n lekker jaar wat voorlê en sal almal op hoogte hou van gebeure.

Manie Louwrens

Voorsitter: Hoëveld Klub, Mpumalanga